# 11. Appèlle en Beswaarskrifte

## 11.1 RAPPORT VAN DIE REGSDEPUTATE OOR APPÈLLE EN BESWAARSKRIFTE (Artt 11, 12, 125)

A. Ds PW Kurpershoek stel die Rapporte.

**B. Eerste Rapport**

**1. Opdrag**

*Die mandaat van die Regskommissie is om die Sinode te adviseer insake die ONTVANKLIKHEID van alle Appèlle en Beswaarskrifte. Verder behoort die Regskommissie hulle ten volle in te werk op die inhoud van die onderskeie Appèlle en Beswaarskrifte sonder dat tot enige besluit geraak word* (Acta, 1991:540, E2).

**Besluit: Kennis geneem.**

**2. Die Sinode neem kennis**

2.1 *Oorsig oor **Appèlle** met gepaardgaande dokumentasie wat beoordeel is*

2.1.1 Appèl br ASM van Jaarsveld teen besluit van Oostelike Partikuliere Sinode, November 2005.

2.1.2 Appèl br HG Kruger (1) teen besluit van Partikuliere Sinode Noordwes, November 2003.

2.1.3 Appèl br HG Kruger (2) teen besluit van Partikuliere Sinode Noordwes, November 2003.

2.1.4 Appèl br HG Kruger teen besluit van Oostelike Partikuliere Sinode, November 2005.

**Besluit: Kennis geneem.**

2.2 *Oorsig oor **Beswaarskrifte** met gepaardgaande dokumentasie wat beoordeel is*

2.2.1 Beswaarskrif br AJ Malan teen Sinodebesluite (1991) aangaande die nie-behandeling van ‘n beswaar.

2.2.2 Beswaarskrif GL Erasmus, JC Erasmus en HT de Villiers teen Sinodebesluite (2003) aangaande die onontvanklik-verklaring van ‘n Beswaarskrif rakende die nuwe Afrikaanse vertaling (NAV) van die Bybel.

2.2.3 Beswaarskrif GL Erasmus ea teen Sinodebesluite (1970, 1985, 1991) aangaande die goedkeuring van die 1983-vertaling van die Bybel vir kerklike gebruik.

2.2.4 Beswaarskrif dr AN Helberg teen besluit van Deputate Emeritaatsversorging (2003) aangaande Emeritaatsversorging.

2.2.5 Beswaarskrif br MJ Kruger teen Sinodebesluite (1973) aangaande die toelating tot die diens van die Woord na afsetting.

2.2.6 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Wonderboompoort teen Sinodebesluite (2003) aangaande vroue in die kerk.

2.2.7 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk George teen Sinodebesluite (2003) aangaande die verkiesbaarheid van vroue as diakens.

2.2.8 Beswaarskrif di AH Stavast, AH Klopper en RL Vorster teen Sinodebesluite (2003) aangaande die vrou in die amp.

2.2.9 Beswaarskrif Partikuliere Sinode Bosveld (1) teen Sinodebesluite (2003) aangaande die vrou in die amp.
2.2.10 Beswaarskrif Klassis Soutpansberg teen Sinodebesluite (2003) aangaande die toelating van die vrou in die diakenamp.
2.2.11 Beswaarskrif Partikuliere Sinode Bosveld (2) teen Sinodebesluite (2003) aangaande die vrou in die amp.
2.2.12 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Aranos (1) teen Sinodebesluite (2003) aangaande die vrou in die besondere ampte.
2.2.13 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Aranos (2) teen Sinodebesluite (2003) aangaande die vrou in die besondere ampte – inhoudelik.
2.2.14 Beswaarskrif Klassis Pretoria Moot teen Sinodebesluite (2003) aangaande die verkiesbaarheid van vroue tot die amp van diaken.
2.2.15 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Wonderboompoort teen Sinodebesluite (2003) oor verhouding Sondag en Sabbat.
2.2.16 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Aranos teen Sinodebesluite (2003) aangaande die gebruik van die 2001-omdigting in die erediens.
2.2.17 Beswaarskrif Partikuliere Sinode Bosveld teen Sinodebesluite (2003) aangaande die 2001-omdigting.
2.2.18 Beswaarskrif dr VE d'Assonville teen Sinodebesluite (2003) aangaande die 2001-omdigting.
2.2.19 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Pretoria-Rooiwal oor die feit dat die kritiek van die Gereformeerde Kerke Daniëlskuil en Delportshoop en dr AH Bogaards teen die 2001-omdigting nie behoorlik aangehoor is nie.
2.2.20 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Pretoria-Rooiwal teen Sinodebesluite (2003) aangaande die 2001-omdigting.
2.2.21 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Pretoria-Rooiwal teen Sinodebesluite (2003) aangaande die wegdig van die Naam Jahwe of HERE in die 2001-omdigting.
2.2.22 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Pretoria-Rooiwal teen Sinodebesluite (2003) aangaande die aanbeveling van die 2001-omdigting van Psalm 110.
2.2.23 Beswaarskrif prof GJC Jordaan en dr MJ du Plessis teen Sinodebesluite (2003) aangaande vroue in die diakenamp.
2.2.24 Beswaarskrif dr JH Howell teen Sinodebesluite (2003) aangaande vroue in die kerk.
2.2.25 Beswaarskrif br P van der Kooi aangaande dialektiese teologie.

**Besluit: Kennis geneem.**

2.3 *Moontlike betrokkenheid van Regsdeputate by besluite waarteen geappelleer / beswaar aangeteken word*

2.3.1 Persoonlike betrokkenheid van lede van die Kommissie is verreken. Alle aanbevelings van die Regskommissie is eenparig.

**Besluit: Kennis geneem.**

**3. Die Sinode oorweeg**

3.1 *Beoordeling van ontvanklikheid van Appèlle*

3.1.1 Die prosedure soos bepaal deur Sinode 1939 (Acta, 1939:144-145, 1-5) – soos gewysig deur Sinodes 1964, 1973, 1985, 1991, 1997 – asook die vereistes van KO, art 46 is gevolg in die beoordeling van die ontvanklikheid van die onderskeie Appèlle.

3.1.2 Die volgende aspekte is spesifiek in ag geneem:
3.1.2.1 Kennisgewing van Appèl binne ses weke tydperk.
3.1.2.2 Weergawe van offisiële redaksie van besluit waarteen geappelleer word.
3.1.2.3 Gronde vir besware in eie woorde.
3.1.2.4 Skriftelike beskikbaarstelling (waar moontlik, verkieslik 14 dae voor meerdere vergadering).
3.1.2.5 Kerkorde, art 46.
**Besluit: Kennis geneem.**
3.1.3 ***Aanbeveling:*** Die Sinode keur die vereistes soos gestel in 3.1.2 goed.
**Besluit: Goedgekeur.**

3.2 *Beoordeling van ontvanklikheid van Beswaarskrifte*
3.2.1 Die Kommissie het gehandel oor die vraag rondom die reikwydte van die besluite van Sinodes 1967, 1991 en 1994 (Acta, 1967:349-350, 1991:526-528 en 1994:51-55) insake die reg van direkte toegang tot enige meerdere vergadering.
3.2.2 Sedert 1994 (Acta, 1994:52-55) worstel die Regskommissie met onduidelikheid oor die interpretasie en samehang van die onderskeie besluite genoem in 3.2.1.
3.2.3 Die Kommissie het in die beoordeling van Beswaarskrifte die vereistes soos goedgekeur deur Sinode 2003 (Acta, 2003:43, 3.2) as vertrekpunt geneem.
3.2.4 Die volgende aspekte is spesifiek gebruik in die beoordeling:
3.2.4.1 Beswaar is teen bestaande Sinodebesluit.
3.2.4.2 Sinodebesluit is korrek weergegee.
3.2.4.3 Gronde vir besware in eie woorde.
3.2.4.4 Kerkorde, art 46.
**Besluit: Kennis geneem.**
***Aanbeveling***
3.2.5 Die Sinode wys Studiedeputate aan om die problematiek genoem in 3.1.1-3.1.2 te ondersoek en die volgende Sinode van advies te bedien.
3.2.6 Die Sinode keur die vereistes soos gestel in 3.2.4 goed.
**Besluit: Goedgekeur.**

**4. Die Sinode besluit**
**4.1 Appèl br ASM van Jaarsveld teen besluit van Oostelike Partikuliere Sinode, November 2005**
4.1.1 *Tyd van kennisgewing*
4.1.1.1 Besluit van Oostelike Partikuliere Sinode Klassis is op 22 November 2005.
4.1.1.2 Kennisgewing van Appèl is op 24 November 2005.
4.1.2 *Redaksie van besluit*
4.1.2.1 Geen direkte aanduiding is gegee van offisiële redaksie van besluit nie.
4.1.2.2 Tog is afskrif van Notule van Oostelike Partikuliere Sinode met tersaaklike Bylaes voorgelê.
4.1.2.3 Uit die afskrifte met tersaaklike Bylaes kan bepaal word dat die besluit waarteen geappelleer word Artikel 36 van die Notule van Oostelike Partikuliere Sinode 2005 is.
4.1.3 *Gronde vir beswaar in eie woorde*
4.1.3.1 Twee gronde word aangebied.
4.1.4 *Inhandiging van Appèl*
4.1.4.1 Die Appèl is betyds – op 24 November 2005 – beskikbaar gestel.

4.1.5 *Kerkorde, artikel 46*

4.1.5.1 Alhoewel die saak reeds op Sinode 2003 gedien het, gaan hierdie Appèl teen ‘n nuwe besluit geneem op 22 November 2005.

**Besluit: Kennis geneem.**

4.1.6 ***Aanbeveling***

4.1.6.1 Die Appèl is ontvanklik.

4.1.6.2 Die Sinode wys ‘n Appèlkommissie aan om die Appèl te hanteer.

**Besluit: Goedgekeur.**

**4.2 Appèl br HG Kruger (1) teen besluit van Partikuliere Sinode Noordwes, November 2003**

4.2.1 Op 2 Februarie 2004 het br HG Kruger skriftelik kennis gegee dat hy beoog om te appelleer.

4.2.2 Op 29 November 2005 het br HG Kruger per e-pos kennis gegee dat hy nie meer appelleer nie.

4.2.3 ***Aanbeveling:*** Die Sinode neem kennis dat geen Appèl ontvang is nie.

**Besluit: Kennis geneem.**

**4.3 Appèl br HG Kruger (2) teen besluit van Partikuliere Sinode Noordwes, November 2003**

4.3.1 Op 2 Februarie 2004 het br HG Kruger skriftelik kennis gegee dat hy beoog om te appelleer.

4.3.2 Op 29 November 2005 het br HG Kruger per e-pos kennis gegee dat hy nie meer appelleer nie.

4.3.3 ***Aanbeveling:*** Die Sinode neem kennis dat geen Appèl ontvang is nie.

**Besluit: Kennis geneem.**

**4.4 Appèl br HG Kruger teen besluit van Oostelike Partikuliere Sinode, November 2005**

4.4.1 Met die vergadering van die Regskommissie was die Appèlstukke nog nie beskikbaar nie.

4.4.2 ***Aanbeveling:*** Die Kommissie kry geleentheid om in ‘n Tweede Rapport oor die ontvanklikheid te rapporteer.

**Besluit: Goedgekeur.**

**4.5 Beswaarskrif br AJ Malan teen Sinodebesluite (1991) aangaande die nie-behandeling van ‘n beswaar**

4.5.1 *Teen bestaande Sinodebesluit*

4.5.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 1991 (13.6C – Acta, 1991:128-129).

4.5.2 *Weergawe van Sinodebesluit*

4.5.2.1 Besluit en motivering word woordeliks weergegee.

4.5.3 *Gronde vir beswaar in eie woorde*

4.5.3.1 Twee gronde word gegee.

4.5.4 *Kerkorde, artikel 46*

4.5.4.1 Met die opstel van die Rapport was die Regskommissie nog besig om die ontvanklikheid op grond van KO, artikel 46 te beoordeel.

4.5.5 ***Aanbeveling:*** Die Kommissie kry geleentheid om in ‘n Tweede Rapport oor die ontvanklikheid te rapporteer.

**Besluit: Goedgekeur.**

**4.6 Beswaarskrif GL Erasmus, JC Erasmus en HT de Villiers teen Sinodebesluite (2003) aangaande die onontvanklik-verklaring van 'n Beswaarskrif rakende die nuwe Afrikaanse vertaling (NAV) van die Bybel**

4.6.1 *Teen bestaande Sinodebesluit*

4.6.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2003 (12.1, 4.2.2 – Acta, 2003:45-46).

4.6.2 *Weergawe van Sinodebesluit*

4.6.2.1 Besluit en motivering word woordeliks weergegee.

4.6.2.2 Die tipografiese versorging mag tot verwarring lei. Die tweede gedeelte van die aangehaalde besluit (1.1) wat ingelei word met die woord *Besluit* verwys na besluit van 2000 en nié na die besluit waarteen geappelleer word nie.

4.6.3 *Gronde vir beswaar in eie woorde*

4.6.3.1 Vyf gronde word gegee.

4.6.4 *Kerkorde, artikel 46*

4.6.4.1 Hierdie Beswaarskrif handel in wese oor die nie-ontvanklikheid van 'n vorige Beswaarskrif en is 'n nuwe saak.

4.6.5 ***Aanbeveling:*** Die Beswaarskrif word ontvanklik verklaar.

**Besluit: Goedgekeur.**

**4.7 Beswaarskrif GL Erasmus ea teen Sinodebesluite (1970, 1985, 1991) aangaande die goedkeuring van die 1983-vertaling van die Bybel vir kerklike gebruik**

4.7.1 *Teen bestaande Sinodebesluit*

4.7.1.1 Gerig teen Sinodebesluite van 1970 (119.2, 5 – Acta, 1970:301-302), 1985 (131A, 4.2 – Acta, 1985:576), 1991 (13.3, 2.1.2.5.1.3 – Acta, 1991:113 en 13.5, 14 – Acta, 1991:128).

4.7.1.2 Die derde saak waarteen beswaar aangeteken word (1.3 van die Beswaarskrif) is nie 'n besluit van Sinode 1985 nie, maar wel deel van die **kommentaar** van die Kommissie vir Bybelvertaling en –verspreiding. Die besluit van die Sinode volg eers na 2 (Acta, 1985:593). Gevolg is 1.3 van die Beswaarskrif nie ontvanklik nie.

4.7.2 *Weergawe van Sinodebesluit*

4.7.2.1 Besluite word woordeliks weergegee.

4.7.3 *Gronde vir beswaar in eie woorde*

4.7.3.1 Drie formele beswaargronde en tien prinsipiële beswaargronde word gegee.

4.7.4 *Kerkorde, artikel 46*

4.7.4.1 Met die opstel van die Rapport was die Regskommissie nog besig om die ontvanklikheid op grond van KO, artikel 46 te beoordeel.

4.7.5 ***Aanbeveling:*** Die Kommissie kry geleentheid om in 'n Tweede Rapport oor die ontvanklikheid te rapporteer.

**Besluit: Goedgekeur.**

**4.8 Beswaarskrif dr AN Helberg teen Besluit van Deputate Emeritaatsversorging (2003) aangaande Emeritaatsversorging**

4.8.1 *Teen bestaande Sinodebesluit*

4.8.1.1 Gerig teen besluit van Deputate Emeritaatsversorging – 20 November 2003 – wat saamhang met 'n besluit van Sinode 1997 (Acta, 1997:272, 2.3.2).

4.8.1.2 In die Beswaarskrif word aangedui dat daar reeds by die Deputate Emeritaatsversorging beswaar aangeteken is oor hul besluit, maar dat ook die beswaar

nie gehandhaaf is nie. Gevolglik is dit korrek om die kerklike weg te volg deur by die opdraggewer (Nasionale Sinode) beswaar aan te teken.

4.8.2 *Weergawe van Sinodebesluit*

4.8.2.1 Besluit van Trustees word woordeliks weergegee.

4.8.3 *Gronde vir beswaar in eie woorde*

4.8.3.1 Twee gronde word gegee.

4.8.4 *Kerkorde, artikel 46*

4.8.4.1 Die Beswaarskrif handel in wese oor ‘n nuwe saak.

4.8.5 ***Aanbeveling:*** Die Beswaarskrif word ontvanklik verklaar.

**Besluit: Goedgekeur.**

### 4.9 Beswaarskrif br MJ Kruger teen Sinodebesluite (1973) aangaande die toelating tot die diens van die Woord na afsetting

4.9.1 *Teen bestaande Sinodebesluit*

4.9.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 1973 (121, 3.2.2.3 – Acta, 1973:318).

4.9.2 *Weergawe van Sinodebesluit*

4.9.2.1 Besluit word woordeliks weergegee.

4.9.3 *Gronde vir beswaar in eie woorde*

4.9.3.1 Een grond word gegee.

4.9.4 *Kerkorde, artikel 46*

4.9.4.1 Die Beswaarskrif handel in wese oor ‘n nuwe saak.

4.9.5 ***Aanbeveling:*** Die Beswaarskrif word ontvanklik verklaar.

**Besluit: Goedgekeur.**

### 4.10 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Wonderboompoort teen Sinodebesluite (2003) aangaande vroue in die kerk

4.10.1 *Teen bestaande Sinodebesluit*

4.10.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2003 (21.11, E1-2 – Acta, 2003:591-593).

4.10.2 *Weergawe van Sinodebesluit*

4.10.2.1 Besluit word woordeliks weergegee.

4.10.3 *Gronde vir beswaar in eie woorde*

4.10.3.1 Twee gronde met motivering word gegee.

4.10.4 *Kerkorde, artikel 46*

4.10.4.1 Die Beswaarskrif handel in wese oor ‘n nuwe saak.

4.10.5 ***Aanbeveling:*** Die Beswaarskrif word ontvanklik verklaar.

**Besluit: Goedgekeur.**

### 4.11 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk George teen Sinodebesluite (2003) aangaande die verkiesbaarheid van vroue as diakens

4.11.1 *Teen bestaande Sinodebesluit*

4.11.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2003 (21.11, E4 – Acta, 2003:591).

4.11.2 *Weergawe van Sinodebesluit*

4.11.2.1 Besluit word woordeliks weergegee, maar foutiewelik. Die eerste deel van E4 hoort naamlik nie in die besluit nie (vergelyk Errata van Acta 2003 wat uitgegee is).

4.11.3 *Gronde vir beswaar in eie woorde*

4.11.3.1 Twee gronde met motivering word gegee.

4.11.4 *Kerkorde, artikel 46*

4.11.4.1 Die Beswaarskrif handel in wese oor ‘n nuwe saak.

4.11.5 ***Aanbeveling:*** Die Beswaarskrif word ontvanklik verklaar.
**Besluit: Goedgekeur.**

**4.12 Beswaarskrif di AH Stavast, AH Klopper en RL Vorster teen Sinodebesluite (2003) aangaande die vrou in die amp**

4.12.1 *Teen bestaande Sinodebesluit*
4.12.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2003 (21.11, E4 – Acta, 2003:591).
4.12.2 *Weergawe van Sinodebesluit*
4.12.2.1 Besluit word woordeliks weergegee.
4.12.3 *Gronde vir beswaar in eie woorde*
4.12.3.1 Vier gronde met motivering word gegee.
4.12.4 *Kerkorde, artikel 46*
4.12.4.1 Die Beswaarskrif handel in wese oor ‘n nuwe saak.
4.12.5 ***Aanbeveling:*** Die Beswaarskrif word ontvanklik verklaar.
**Besluit: Goedgekeur.**

**4.13 Beswaarskrif Partikuliere Sinode Bosveld (1) teen Sinodebesluite (2003) aangaande die vrou in die amp**

4.13.1 *Teen bestaande Sinodebesluit*
4.13.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2003 (21.11, E4 – Acta, 2003:591).
4.13.2 *Weergawe van Sinodebesluit*
4.13.2.1 Besluit word woordeliks weergegee, maar foutiewelik. Die eerste deel van E4 hoort naamlik nie in die besluit nie (vergelyk Acta-errata wat uitgegee is).
4.13.3 *Gronde vir beswaar in eie woorde*
4.13.3.1 Twee gronde met motivering word gegee.
4.13.4 *Kerkorde, artikel 46*
4.13.4.1 Die Beswaarskrif handel in wese oor ‘n nuwe saak.
4.13.5 ***Aanbeveling:*** Die Beswaarskrif word ontvanklik verklaar.
**Besluit: Goedgekeur.**

**4.14 Beswaarskrif Klassis Soutpansberg teen Sinodebesluite (2003) aangaande die toelating van die vrou in die diakenamp**

4.14.1 *Teen bestaande Sinodebesluit*
4.14.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2003 (21.11, E – Acta, 2003:591-593).
4.14.2 *Weergawe van Sinodebesluit*
4.14.2.1 Besluit word woordeliks weergegee.
4.14.3 *Gronde vir beswaar in eie woorde*
4.14.3.1 Agt gronde met motivering word gegee.
4.14.4 *Kerkorde, artikel 46*
4.14.4.1 Die Beswaarskrif handel in wese oor ‘n nuwe saak.
4.14.5 ***Aanbeveling:*** Die Beswaarskrif word ontvanklik verklaar.
**Besluit: Goedgekeur.**

**4.15 Beswaarskrif Partikuliere Sinode Bosveld (2) teen Sinodebesluite (2003) aangaande die vrou in die amp**

4.15.1 *Teen bestaande Sinodebesluit*
4.15.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2003 (21.11, E – Acta, 2003:591-593).
4.15.2 *Weergawe van Sinodebesluit*
4.15.2.1 Besluit word woordeliks, maar foutiewelik. Die eerste deel van E4 hoort naamlik nie in die besluit nie (vergelyk Acta-errata wat uitgegee is).

4.15.3 *Gronde vir beswaar in eie woorde*
4.15.3.1 Nege gronde met motivering word gegee.
4.15.4 *Kerkorde, artikel 46*
4.15.4.1 Die Beswaarskrif handel in wese oor ‘n nuwe saak.
4.15.5 ***Aanbeveling:*** Die Beswaarskrif word ontvanklik verklaar.
**Besluit: Goedgekeur.**

**4.16 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Aranos (1) teen Sinodebesluite (2003) aangaande die vrou in die besondere ampte**
4.16.1 *Teen bestaande Sinodebesluit*
4.16.1.1 Gerig teen ‘n Sinodebesluit van 2003 oor toelating van vrou in die diens van diaken.
4.16.2 *Weergawe van Sinodebesluit*
4.16.2.1 Besluit word nie weergegee nie.
4.16.3 *Gronde vir beswaar in eie woorde*
4.16.3.1 Een grond van beswaar kan onderskei word.
4.16.4 *Kerkorde, artikel 46*
4.16.4.1 Die Beswaarskrif handel in wese oor ‘n nuwe saak.
4.16.5 ***Aanbeveling:*** In die lig van die feit dat die Beswaarskrif nie aan die vereistes voldoen nie (vergelyk 4.16.1-2) word die Beswaarskrif onontvanklik verklaar.
**Besluit: Die aanbeveling word nie aanvaar nie. In die lig van die feit dat dit duidelik is teen watter besluit die Beswaarskrif gerig is word die Beswaarskrif ontvanklik verklaar**.

**4.17 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Aranos (2) teen Sinodebesluite (2003) aangaande die vrou in die besondere ampte – inhoudelik**
4.17.1 *Teen bestaande Sinodebesluit*
4.17.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2003 (21.11, E – Acta, 2003:591-593).
4.17.2 *Weergawe van Sinodebesluit*
4.17.2.1 Besluit word woordeliks weergegee.
4.17.3 *Gronde vir beswaar in eie woorde*
4.17.3.1 Agt gronde met motivering word gegee.
4.17.4 *Kerkorde, artikel 46*
4.17.4.1 Die Beswaarskrif handel in wese oor ‘n nuwe saak.
4.17.5 ***Aanbeveling:*** Die Beswaarskrif word ontvanklik verklaar.
**Besluit: Goedgekeur.**

**4.18 Beswaarskrif Klassis Pretoria Moot teen Sinodebesluite (2003) aangaande die verkiesbaarheid van vroue tot die amp van diaken**
4.18.1 *Teen bestaande Sinodebesluit*
4.18.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2003 (21.11, E – Acta, 2003:591-593).
4.18.2 *Weergawe van Sinodebesluit*
4.18.2.1 Besluit word vanuit Kommissierapport en Notule aangehaal en is in E4 foutief deur nie die Errata van die Handelinge wat beskikbaar gestel is, te verdiskonteer nie
4.18.3 *Gronde vir beswaar in eie woorde*
4.18.3.1 Vier gronde met motivering word gegee.
4.18.4 *Kerkorde, artikel 46*
4.18.4.1 Die Beswaarskrif handel in wese oor ‘n nuwe saak.

4.18.5 ***Aanbeveling:*** Die Beswaarskrif word ontvanklik verklaar.
**Besluit: Goedgekeur.**

**4.19 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Wonderboompoort teen Sinodebesluite (2003) oor verhouding Sondag en Sabbat**

4.19.1 *Teen bestaande Sinodebesluit*
4.19.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2003 (21.1, 18.8 – Acta, 2003:474-492).
4.19.2 *Weergawe van Sinodebesluit*
4.19.2.1 Besluit word woordeliks aangehaal.
4.19.3 *Gronde vir beswaar in eie woorde*
4.19.3.1 Drie gronde met motivering word gegee.
4.19.4 *Kerkorde, artikel 46*
4.19.4.1 Die Beswaarskrif handel in wese oor ‘n nuwe saak.
4.19.5 ***Aanbeveling:*** Die Beswaarskrif word ontvanklik verklaar.
**Besluit: Goedgekeur.**

**4.20 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Aranos teen Sinodebesluite (2003) aangaande die gebruik van die 2001-omdigting in die erediens**

4.20.1 *Teen bestaande Sinodebesluit*
4.20.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2003 (22, F, 3.2.2 – Acta, 2003:642).
4.20.2 *Weergawe van Sinodebesluit*
4.20.2.1 Besluit word woordeliks aangehaal.
4.20.3 *Gronde vir beswaar in eie woorde*
4.20.3.1 Sewe gronde met motivering word gegee.
4.20.4 *Kerkorde, artikel 46*
4.20.4.1 Die Beswaarskrif handel in wese oor ‘n nuwe saak.
4.20.5 ***Aanbeveling:*** Die Beswaarskrif word ontvanklik verklaar.
**Besluit: Goedgekeur.**

**4.21 Beswaarskrif Partikuliere Sinode Bosveld teen Sinodebesluite (2003) aangaande die 2001-omdigting**

4.21.1 *Teen bestaande Sinodebesluit*
4.21.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2003 (22, F, 3.2.2 – Acta, 2003:642).
4.21.2 *Weergawe van Sinodebesluit*
4.21.2.1 Besluit word woordeliks aangehaal.
4.21.3 *Gronde vir beswaar in eie woorde*
4.21.3.1 Drie gronde met motivering word gegee.
4.21.4 *Kerkorde, artikel 46*
4.21.4.1 Die Beswaarskrif handel in wese oor ‘n nuwe saak.
4.21.5 ***Aanbeveling:*** Die Beswaarskrif word ontvanklik verklaar.
**Besluit: Goedgekeur.**

**4.22 Beswaarskrif dr VE d’Assonville teen Sinodebesluite (2003) aangaande die 2001-omdigting**

4.22.1 *Teen bestaande Sinodebesluit*
4.22.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2003 (22, F, 3.2.2, 3.2.3 – Acta, 2003:642), asook gedeeltes uit die motivering (Acta, 2003:642-643).
4.22.2 *Weergawe van Sinodebesluit*
4.22.2.1 Besluite en motivering word woordeliks aangehaal.

4.22.3 *Gronde vir beswaar in eie woorde*
4.22.3.1 Twee gronde met motivering word gegee.
4.22.4 *Kerkorde, artikel 46*
4.22.4.1 Die Beswaarskrif handel in wese oor ‘n nuwe saak.
4.22.5 ***Aanbeveling:*** Die Beswaarskrif word ontvanklik verklaar.
**Besluit: Goedgekeur.**

**4.23 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Pretoria-Rooiwal oor die feit dat die kritiek van die Gereformeerde Kerke Daniëlskuil en Delportshoop en dr AH Bogaards teen die 2001-omdigting nie behoorlik aangehoor is nie**
4.23.1 *Teen bestaande Sinodebesluit*
4.23.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2003 (22, F, 3.2.2, 3.2.3 – Acta, 2003:642), asook gedeeltes uit die motivering (Acta, 2003:642-643), Bylae A (Acta, 2003:646-659).
4.23.2 *Weergawe van Sinodebesluit*
4.23.2.1 Besluite en motivering word woordeliks aangehaal.
4.23.3 *Gronde vir beswaar in eie woorde*
4.23.3.1 Een grond met motivering word gegee.
4.23.4 *Kerkorde, artikel 46*
4.23.4.1 Die Beswaarskrif handel in wese oor ‘n nuwe saak.
4.23.5 ***Aanbeveling:*** Die Beswaarskrif word ontvanklik verklaar.
**Besluit: Goedgekeur.**

**4.24 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Pretoria-Rooiwal teen Sinodebesluite (2003) aangaande die 2001-omdigting**
4.24.1 *Teen bestaande Sinodebesluit*
4.24.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2003 (22, F, 3.2.2, 3.2.3 – Acta, 2003:642), asook gedeeltes uit die motivering (Acta, 2003:642-643), Bylae A (Acta, 2003:646-659).
4.24.2 *Weergawe van Sinodebesluit*
4.24.2.1 Besluite en motivering word woordeliks aangehaal.
4.24.3 *Gronde vir beswaar in eie woorde*
4.24.3.1 Vyf gronde met motivering word gegee.
4.24.4 *Kerkorde, artikel 46*
4.24.4.1 Die Beswaarskrif handel in wese oor ‘n nuwe saak.
4.24.5 ***Aanbeveling:*** Die Beswaarskrif word ontvanklik verklaar.
**Besluit: Goedgekeur.**

**4.25 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Pretoria-Rooiwal teen Sinodebesluite (2003) aangaande die wegdig van die Naam Jahwe of HERE in die 2001-omdigting**
4.25.1 *Teen bestaande Sinodebesluit*
4.25.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2003 (22, F, 3.2.2 – Acta, 2003:642), asook gedeeltes uit die motivering (Acta, 2003:642-643), Bylae A (Acta, 2003:646-659).
4.25.2 *Weergawe van Sinodebesluit*
4.25.2.1 Besluite en motivering word woordeliks aangehaal.
4.25.3 *Gronde vir beswaar in eie woorde*
4.25.3.1 Vier gronde met motivering word gegee.

4.25.4 *Kerkorde, artikel 46*
4.25.4.1 Die Beswaarskrif handel in wese oor ‘n nuwe saak.
4.25.5 ***Aanbeveling:*** Die Beswaarskrif word ontvanklik verklaar.
**Besluit: Goedgekeur.**

**4.26 Beswaarskrif Gereformeerde Kerk Pretoria-Rooiwal teen Sinodebesluite (2003) aangaande die aanbeveling van die 2001-omdigting van Psalm 110**
4.26.1 *Teen bestaande Sinodebesluit*
4.26.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2003 (22, F, 3.2.2, 3.2.3 – Acta, 2003:642), asook gedeeltes uit die motivering (Acta, 2003:642-643), Bylae A (Acta, 2003:646-659).
4.26.2 *Weergawe van Sinodebesluit*
4.26.2.1 Besluite en motivering word woordeliks aangehaal.
4.26.3 *Gronde vir beswaar in eie woorde*
4.26.3.1 Vyf gronde met motivering word gegee.
4.26.4 *Kerkorde, artikel 46*
4.26.4.1 Die Beswaarskrif handel in wese oor ‘n nuwe saak.
4.26.5 ***Aanbeveling:*** Die Beswaarskrif word ontvanklik verklaar.
**Besluit: Goedgekeur.**

**4.27 Beswaarskrif prof GJC Jordaan en dr MJ du Plessis teen Sinodebesluite (2003) aangaande vroue in die diakenamp**
4.27.1 *Teen bestaande Sinodebesluit*
4.27.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2003 (21.11, E – Acta, 2003:591-593).
4.27.2 *Weergawe van Sinodebesluit*
4.27.2.1 Besluit word woordeliks weergegee.
4.27.3 *Gronde vir beswaar in eie woorde*
4.27.3.1 Sewe gronde met motivering word gegee.
4.27.4 *Kerkorde, artikel 46*
4.27.4.1 Die Beswaarskrif handel in wese oor ‘n nuwe saak.
4.27.5 ***Aanbeveling:*** Die Beswaarskrif word ontvanklik verklaar.
**Besluit: Goedgekeur.**

**4.28 Beswaarskrif dr JH Howell teen Sinodebesluite (2003) aangaande vroue in die kerk**
4.28.1 *Teen bestaande Sinodebesluit*
4.28.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2003 (21.11, E – Acta, 2003:591-593).
4.28.2 *Weergawe van Sinodebesluit*
4.28.2.1 Besluit word woordeliks weergegee.
4.28.3 *Gronde vir beswaar in eie woorde*
4.28.3.1 Ses gronde met motivering word gegee.
4.28.4 *Kerkorde, artikel 46*
4.28.4.1 Die Beswaarskrif handel in wese oor ‘n nuwe saak.
4.28.5 ***Aanbeveling:*** Die Beswaarskrif word ontvanklik verklaar.
**Besluit: Punt 4.28 word terugverwys vir herformulering. (Kyk Derde Rapport hieronder 4.2.)**

**4.29 Beswaarskrif br P van der Kooi oor dialektiese teologie**
4.29.1 *Teen bestaande Sinodebesluit*
4.29.1.1 Geen besluit word aangedui waarteen beswaar aangeteken word nie.

4.29.2 *Weergawe van Sinodebesluit*
4.29.2.1 Geen besluit word weergegee nie.
4.29.3 *Gronde vir beswaar in eie woorde*
4.29.3.1 Geen gronde word aangedui nie.
4.29.4 ***Aanbeveling:*** Waar geen besluit aangedui word waarteen beswaar gemaak word nie (vergelyk 4.29.1-2) en geen beswaargronde gegee word nie (vergelyk 4.29.3), word die Beswaarskrif onontvanklik verklaar.

**Besluit: Goedgekeur.**

**C. Tweede Rapport**

**1. Opdrag**

1.1 Kyk *Eerste Rapport* 1 hierbo.
1.2 Net uitstaande beoordelings en stukke ontvang na die eerste vergadering van die Deputate word in die *Tweede Rapport* hanteer.

**Besluit: Kennis geneem.**

**2. Die Sinode neem kennis**

2.1 *Oorsig oor **Appèlle** met gepaardgaande dokumentasie wat beoordeel is*
2.1.1 Appèl br HG Kruger teen besluit van Oostelike Partikuliere Sinode, November 2005.
2.1.2 Appèl br HG Kruger teen besluit van Suidelike Partikuliere Sinode, November 2005.
2.1.3 Appèl sr T Sattlager teen besluit van Suidelike Partikuliere Sinode, November 2005.
2.1.4 Appèl ds PK Lourens teen besluit van Partikuliere Sinode OVS/Natal, November 2005.

**Besluit: Kennis geneem.**

2.2 *Oorsig oor **Beswaarskrifte** met gepaardgaande dokumentasie wat beoordeel is*
2.2.1 Beswaarskrif br AJ Malan teen Sinodebesluite (1991) aangaande die nie-behandeling van ‘n beswaar.
2.2.2 Beswaarskrif GL Erasmus ea teen Sinodebesluite (1970, 1985, 1991) aangaande die goedkeuring van die 1983-vertaling van die Bybel vir kerklike gebruik.
2.2.3 Beswaarskrif Partikuliere Sinode Bosveld (3) teen Sinodebesluite (2003) aangaande die vrou in die amp van diaken.

**Besluit: Kennis geneem.**

2.3 *Moontlike betrokkenheid van Regsdeputate by besluite waarteen geappelleer, beswaar aangeteken word*
2.3.1 Persoonlike betrokkenheid van lede van die Kommissie is verreken. Alle aanbevelings van die Regskommissie is eenparig.

**Besluit: Kennis geneem.**

**3. Die Sinode oorweeg**

3.1 *Beoordeling van ontvanklikheid van Appèlle en Beswaarskrifte*
3.1.1 Die prosedures soos onderskeidelik uiteengesit in 3.1 en 3.2 van die *Eerste Rapport* is gevolg.

***Aanbeveling***

3.1.2 Die Sinode keur die prosedures soos gestel in 3.1.1 goed.

**Besluit: Goedgekeur.**

**4. Die Sinode besluit**

**4.1 Appèl br HG Kruger teen besluit van Oostelike Partikuliere Sinode, November 2005**

4.1.1 *Tyd van kennisgewing*

4.1.1.1 Besluit van Oostelike Partikuliere Sinode is op 22/23 November 2005.

4.1.1.2 Kennisgewing van Appèl is op 1 Desember 2005.

4.1.2 *Redaksie van besluit*

4.1.2.1 Die besluit word woordeliks weergegee, met die relevante gedeelte van die Notule van die Partikuliere Sinode as Bylae aangeheg.

4.1.3 *Gronde vir Appèl in eie woorde*

4.1.3.1 Een grond – wat in vier onderafdelings verder gemotiveer word – word aangebied.

4.1.4 *Inhandiging van Appèl*

4.1.4.1 Die Appèl is betyds – op 1 Desember 2005 (in voorlopige formaat) – beskikbaar gestel.

4.1.5 *Kerkorde, artikel 46*

4.1.5.1 Die Appèl is gerig teen ‘n besluit van Oostelike Partikuliere Sinode, November 2005 en is ‘n nuwe saak.

4.1.6 ***Aanbeveling***

4.1.6.1 Die Appèl is ontvanklik.

4.1.6.2 Die Sinode wys ‘n Appèlkommissie aan om die Appèl te hanteer.

**Besluit: Goedgekeur.**

**4.2 Appèl br HG Kruger teen besluit van Suidelike Partikuliere Sinode, November 2005**

4.2.1 *Tyd van kennisgewing*

4.2.1.1 Besluit van Suidelike Partikuliere Sinode is op 22 November 2005.

4.2.1.2 Kennisgewing van Appèl is op 1 Desember 2005.

4.2.2 *Redaksie van besluit*

4.2.2.1 Die besluit word woordeliks weergegee, met die relevante gedeelte van die Notule van die Partikuliere Sinode as Bylae aangeheg.

4.2.3 *Gronde vir Appèl in eie woorde*

4.2.3.1 Een grond – wat in vyf onderafdelings verder gemotiveer word – word aangebied.

4.2.4 *Inhandiging van Appèl*

4.2.4.1 Die Appèl is betyds – op 1 Desember 2005 (in voorlopige formaat) – beskikbaar gestel.

4.2.5 *Kerkorde, artikel 46*

4.2.5.1 Die Appèl is gerig teen ‘n besluit van Oostelike Partikuliere Sinode November 2005 en is ‘n nuwe saak.

4.2.6 ***Aanbeveling***

4.2.6.1 Die Appèl is ontvanklik.

4.2.6.2 Die Sinode wys ‘n Appèlkommissie aan om die Appèl te hanteer.

**Besluit: Goedgekeur.**

**4.3 Appèl sr T Sattlegger teen besluit van Suidelike Partikuliere Sinode, November 2005**

4.3.1 Met die tweede vergadering van die Regskommissie op 3 Januarie 2006 was die Appèlstukke nog nie beskikbaar nie.

4.3.2 ***Aanbeveling***

4.3.2.1 Die Kommissie kry geleentheid om in ‘n Derde Rapport oor die ontvanklikheid te rapporteer.

**Besluit: Goedgekeur.**

**4.4 Appèl ds PK Lourens teen besluit van Partikuliere Sinode OVS/Natal, November 2005**

4.4.1 *Tyd van kennisgewing*

4.4.1.1 Besluit van Partikuliere Sinode OVS/Natal is op 22/23 November 2005.

4.4.1.2 Kennisgewing van Appèl is op 30 November 2005.

4.4.1.3 Die kennisgewing van Appèl is aanvanklik nie deur die Administratiewe Buro ontvang nie. In ‘n skriftelike opvolg gedateer 13 Desember 2005 word egter die kennisgewing van Appèl ingesluit – steeds binne die vereiste 6-weke periode.

4.4.2 *Redaksie van besluit*

4.4.2.1 Die besluit waarteen geappelleer word, word woordeliks weergegee.

4.4.3 *Gronde vir Appèl in eie woorde*

4.4.3.1 Een grond word aangebied.

4.4.4 *Inhandiging van Appèl*

4.4.4.1 Die Appèl is betyds – op 13 Desember 2005 – beskikbaar gestel.

4.4.5 *Kerkorde, artikel 46*

4.4.5.1 Die Appèl is gerig teen ‘n besluit van 22/23 November 2005 en handel oor ‘n nuwe saak.

4.4.6 ***Aanbeveling***

4.4.6.1 Die Appèl is ontvanklik.

4.4.6.2 Die Sinode wys ‘n Appèlkommissie aan om die Appèl te hanteer.

**Besluit: Goedgekeur.**

**4.5 Beswaarskrif br AJ Malan teen Sinodebesluite (1991) aangaande die nie-behandeling van ‘n beswaar (vgl 4.5 van *Eerste Rapport*)**

4.5.1 *Kerkorde, artikel 46*

4.5.1.1 Hierdie Beswaarskrif handel in wese oor die nie-ontvanklikheid van ‘n vorige Beswaarskrif en is ‘n nuwe saak.

4.5.2 ***Aanbeveling***

4.5.2.1 Die Beswaarskrif word ontvanklik verklaar (vergelyk 4.3.1 van die *Tweede Rapport* in samehang met 4.5.1-4.5.3 van die *Eerste Rapport*).

**Besluit: Goedgekeur.**

**4.6 Beswaarskrif GL Erasmus ea teen Sinodebesluite (1970, 1985, 1991) aangaande die goedkeuring van die 1983-vertaling van die Bybel vir kerklike gebruik (vgl 4.5 van *Eerste Rapport*)**

4.6.1 *Kerkorde, artikel 46 KO*

4.6.1.1 Hierdie Beswaarskrif is in wese dieselfde Beswaarskrif wat in 2003 gedien het en as onontvanklik verklaar is (vergelyk 2 onder die opskrif LW van die Beswaarskrif van *GL Erasmus, JC Erasmus en HT de Villiers teen*

*Sinodebesluite (2003) aangaande die onontvanklik-verklaring van 'n Beswaarskrif rakende die nuwe Afrikaanse vertaling (NAV) van die Bybel*).

4.6.1.2 Hierdie Beswaarskrif kan alleen ter tafel kom indien die Beswaarskrif van *GL Erasmus, JC Erasmus en HT de Villiers teen Sinodebesluite (2003) aangaande die onontvanklik-verklaring van 'n Beswaarskrif rakende die nuwe Afrikaanse vertaling (NAV) van die Bybel* gehandhaaf word.

4.6.1.3 Die beoordeling van die ontvanklikheid van hierdie Beswaarskrif val buite die mandaat van hierdie Deputate.

4.6.2 ***Aanbeveling***

4.6.2.1 Besluitneming oor die ontvanklikheid van hierdie Beswaarskrif staan oor tot besluitneming oor die Beswaarskrif van GL Erasmus, JC Erasmus en HT de Villiers teen Sinodebesluite (2003) aangaande die onontvanklik-verklaring van 'n Beswaarskrif rakende die nuwe Afrikaanse vertaling (NAV) van die Bybel) afgehandel is.

**Besluit: Goedgekeur.**

### 4.7 Beswaarskrif Partikuliere Sinode Bosveld (3) teen Sinodebesluite (2003) aangaande die vrou in die amp van diaken

4.7.1 *Teen bestaande Sinode-besluit*

4.7.1.1 Gerig teen Sinode-besluit van 2003 (21.11, E4 – Acta, 2003:591).

4.7.2 *Weergawe van Sinode-besluit*

4.7.2.1 Besluit word woordeliks weergegee, maar foutiewelik. Die eerste deel van E4 hoort naamlik nie in die besluit nie (vergelyk Errata van Acta 2003 wat uitgegee is).

4.7.3 *Gronde vir beswaar in eie woorde*

4.7.3.1 Sewe gronde met motivering word gegee.

4.7.4 *Kerkorde, artikel 46*

4.7.4.1 Die Beswaarskrif handel in wese oor 'n nuwe saak.

4.7.4.2 Die motivering wat aangebied word, verskil van die ander Beswaarskrifte wat deur Partikuliere Sinode Bosveld oor dieselfde besluit ingedien is.

4.7.5 ***Aanbeveling***

Die Beswaarskrif word ontvanklik verklaar.

**Besluit: Goedgekeur.**

## D. Derde Rapport

### 1. Opdrag

1.1 Kyk *Eerste Rapport* 1 hierbo.

1.2 Heroorweeg – in die lig van bespreking – aanbeveling aangaande *Beswaarskrif dr JH Howell teen Sinodebesluite (2003) aangaande vroue in die kerk* (vgl *Eerste Rapport* 4.28).

1.3 Heroorweeg – in die lig van bespreking – die aanbeveling van die Ordekommissie aangaande die Beskrywingspunt br MJ Kruger: Versoek tot ondersoek oor Sinodebesluit 2003, art 12.2.3 (hertoelating br ASM van Jaarsveld tot bediening) – vergelyk *Rapport vir 5 Januarie 2005*, 2.2)

**Besluit: Kennis geneem.**

### 2. Die Sinode neem kennis

2.1 *Oorsig oor **Appèl** met gepaardgaande dokumentasie wat beoordeel is*

2.1.1 Appèl sr T Sattlager teen besluit van Suidelike Partikuliere Sinode, November 2005.

2.2 *Oorsig oor **Beswaarskrif** wat beoordeel is*

2.2.1 Beswaarskrif dr JH Howell teen Sinodebesluite (2003) aangaande vroue in die kerk.

2.3 *Oorsig oor **Beskrywingspunt** wat beoordeel is*

2.3.1 Beskrywingspunt br MJ Kruger: Versoek tot ondersoek oor Sinodebesluit 2003, art 12.2.3 (hertoelating br ASM van Jaarsveld tot bediening)

**Besluit: Kennis geneem.**

**3. Die Sinode oorweeg**

3.1 *Beoordeling van ontvanklikheid van Appèlle en Beswaarskrifte*

3.1.1 Die prosedures soos onderskeidelik uiteengesit in 3.1 en 3.2 van die *Eerste Rapport* is gevolg.

**3.1.2 *Aanbeveling***

Die Sinode keur die prosedures soos gestel in 3.1.1 goed.

**Besluit: Goedgekeur.**

**4. Die Sinode besluit**

**4.1 Appèl sr T Sattlegger teen besluit van Suidelike Partikuliere Sinode, November 2005**

4.1.1 *Tyd van kennisgewing*

4.1.1.1 Besluit van Suidelike Partikuliere Sinode is op 22 November 2005.

4.1.1.2 Kennisgewing van Appèl is op 1 Desember 2005.

4.1.2 *Redaksie van besluit*

4.1.2.1 Die besluit word woordeliks weergegee, met die relevante gedeelte van die Notule van die Partikuliere Sinode as Bylae aangeheg.

4.1.3 *Gronde vir Appèl in eie woorde*

4.1.3.1 Vyf gronde word aangebied.

4.1.4 *Inhandiging van Appèl*

4.1.4.1 Die Appèl is eers op 4 Januarie 2006 beskikbaar gestel.

4.1.4.2 Daar was egter uitsonderlike omstandighede aangesien die appellant se vader gedurende Desember 2005 oorlede is.

4.1.5 *Kerkorde, artikel 46*

4.1.5.1 Die Appèl is gerig teen ‘n besluit van Suidelike Partikuliere Sinode November 2005 en is ‘n nuwe saak.

**Besluit: Kennis geneem.**

**4.1.6 *Aanbeveling***

4.1.6.1 Alhoewel die Appèl baie laat ontvang is, is dit tog ontvanklik – gesien die spesifieke omstandighede soos genoem in 4.1.4.

4.1.6.2 Die Sinode wys ‘n Appèlkommissie aan om die Appèl te hanteer.

**Besluit: Goedgekeur.**

**4.2 Beswaarskrif dr JH Howell teen Sinodebesluite (2003) aangaande vroue in die kerk (vgl Eerste Rapport 4.28)**

4.2.1 *Agtergrond*

4.2.1.1 Die betrokke Beswaarskrif van dr JH Howell het op Partikuliere Sinode Randvaal 2005 gedien, waar dit nie geslaag het nie.

4.2.1.2 Partikuliere Sinode Randvaal 2005 het nie aan dr JH Howell se versoek voldoen om die Beswaarskrif nogtans na Nasionale Sinode 2006 deur te stuur nie en ook geen formele aanbeveling oor die saak gemaak het nie.

Daar is wel informeel aangedui dat dr JH Howell die Beswaarskrif op sy eie inisiatief by Nasionale Sinode 2006 kan indien.

4.2.1.3 Dr JH Howell het in die Beswaarskrif soos aangebied aan Sinode 2006 enkele veranderinge aangebring om die kommentaar soos gegee tydens Partikuliere Sinode Randvaal 2005 te verdiskonteer.

4.2.2 *Kernvraag vanuit Sinode*

4.2.2.1 Die kernvraag vanuit die Sinode sentreer om die feit dat die Beswaarskrif reeds by Partikuliere Sinode Randvaal behandel is en die implikasie van die besluite van Sinodes 1991 en 1994.

4.2.2.2 Soos reeds in die *Eerste Rapport* aangedui (vgl 3.2) bestaan daar onduidelikheid oor die presiese implikasie en toepassing van genoemde Sinodebesluite, wanneer in samehang met Artikels 31 en 46 KO gelees word. Die omvang van hierdie problematiek is egter sodanig dat dit nie sinvol lyk om die saak staande Sinode 2006 te hanteer en uit te klaar nie, maar eerder deur Studiedeputate te laat ondersoek vir rapportering met die volgende Sinode. So is dan ook reeds deur Sinode 2006 besluit (vgl besluite geneem by *Eerste Rapport*, 3.2.5).

4.2.2.3 In die interim het die Deputate – soos reeds gerapporteer (*Eerste Rapport, 3.2.3-3.2.4*) en deur die Sinode as werkswyse goedgekeur (besluit by *Eerste Rapport, 3.2.6)* – die beoordelingskriteria soos gebruik deur Sinode 2003 gebruik in die beoordeling van die ontvanklikheid van alle Beswaarskrifte.

4.2.2.4 Met betrekking tot die kriteria wat gebruik word in die beoordeling van die ontvanklikheid, kan die Beswaarskrif van dr JH Howell nie anders hanteer word as die ander Beswaarskrifte op die tafel van hierdie Sinode nie. Gevolglik word volstaan met die beoordeling en aanbeveling soos gegee in die *Eerste Rapport* (vgl 4.28).

**Besluit: Kennis geneem.**

***Aanbeveling***

4.2.3 Die Beswaarskrif word ontvanklik verklaar.

**Besluit: Goedgekeur.**

## 4.3 Beskrywingspunt br MJ Kruger: Versoek tot ondersoek oor Sinodebesluit 2003, art. 12.2.3 (hertoelating br ASM van Jaarsveld tot bediening)

4.3.1 *Beredenering van Beskrywingspunt*

4.3.1.1 Die Beskrywingspunt handel oor die situasie rondom die hertoelating van br ASM van Jaarsveld tot die diens van predikant.

4.3.1.2 Tydens Sinode 2003 was daar ‘n suksesvolle Appèl met uitvloeisel dat die saak *de novo* na die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Nigel terugverwys word.

4.3.1.3 Die Beskrywingspunt vra die Sinode om hulp te verleen (3.12) deur spesifiek die handele van die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Nigel na die advies van Sinode 2003 te ondersoek (4.1, 6.1)

4.3.1.4 Daar word beredeneer dat die saak by die Sinode kan dien, omdat enersyds die saak reeds op tafel was en die kerklike weg alreeds gevolg is en andersyds die Skrif aandui dat daar op die Sinode ‘n verantwoordelikheid berus.

4.3.2 *Beoordeling*

4.3.2.1 Die verhouding tussen meerdere vergaderings en kerke onderling word kerkordelik in artikel 86, KO gereël, waar uitdruklik gestel word dat geen kerk oor ‘n ander kerk enige heerskappy kan voer nie.

4.3.2.2 Onderlinge hulp vir kerke word kerkordelik gereël in artikels 41 en 44, KO deur middel van die Klassis.

4.3.2.3 Die Agenda van ‘n meerdere vergadering word kerkordelik in artikels 30, 31 en 46 gereël in dié opsig dat meerdere vergaderings nie sake kan hanteer wat deur die mindere vergadering afgehandel kan word nie en dat besware teen besluite van kerklike vergaderings langs die kerklike weg hanteer word.

4.3.2.4 Uit 4.3.2.1 – 4.3.2.3 volg dat die Nasionale Sinode nie die vergadering is waar oor die sake van die Gereformeerde Kerk Nigel gehandel kan word nie.

**Besluit: Kennis geneem.**

***Aanbeveling***

4.3.3 Die Beskrywingspunt word nie ter tafel geneem nie

**Besluit: Goedgekeur.**